OFFICIAL GAZETTE
OF SOUTH WEST AFRICA

OFFISIËLE KOERANT
VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY — UITGAWE OP GESAG

R0.30 Tuesday 2 May 1989 WINDHOEK Dinsdag 2 Mei 1989 No. 5708

CONTENTS: INHOUD:

Page *Bladsy*

AG. GOVERNMENT NOTICES

No. AG. 24 Application that a portion of farm road 246 be closed: District of Karasburg 2

No. AG. 25 Proposal that a road be declared a proclaimed district road: District of Kavango 3

No. AG. 26 Amendment of regulations made under the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958) 4

AG. GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

No. AG. 24 Aansoek dat 'n gedeelte van plaaspad 246 gesluit moet word: Distrik Karasburg 2

No. AG. 25 Voorstel dat 'n pad tot geproklameerde distrikspad verklaar moet word: Distrik Kavango 3

No. AG. 26 Wysiging van regulasies uitgevaardig kragtens die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958) 4

GENERAL NOTICES

No. 59 Municipality of Keetmanshoop: Notice in respect of arrear rates and interest on properties 5

No. 60 Establishment of the Township Dorado Park (Extension 1) 6

No. 61 Establishment of the township Klein Windhoek (Extension 5) 6

No. 62 Municipality of Grootfontein: Rates and taxes outstanding five years and longer 7

ALGEMENE KENNISGEWINGS

No. 59 Munisipaliteit Keetmanshoop: Kennisgewing van agterstallige eiendomsbelasting en rente 5

No. 60 Dorpstigting van die dorp Dorado Park (Uitbreiding 1) 6

No. 61 Dorpstigting van die dorp Klein Windhoek (Uitbreiding 5) 6

No. 62 Grootfontein Munisipaliteit: Kennisgewing: Eiendomsbelasting uitstaande vyf jaar en langer 7

A.G. Government Notices

A.G. Goewermentskennisgewings

Office of the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRIRTORY OF SOUTH WEST AFRICA

Kantoor van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 24 1989

APPLICATION THAT A PORTION OF FARM ROAD 246 BE CLOSED: DISTRICT OF KARASBURG

In terms of section 16(3) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that application has been made to the Chairman of the Roads Board of Karasburg that the portion of farm road 246 described in the Schedule and shown on sketch-map P1427 by the symbols A-B, be closed.

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the application refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Karasburg, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned application is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Chairman of Roads Boards, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 24 1989

AANSOEK DAT 'N GEDEELTE VAN PLAASPAD 246 GESLUIT MOET WORD: DISTRIK KARASBURG

Ingevolge artikel 16(3) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat aansoek by die Voorsitter van die Padraad van Karasburg gedoen is dat die gedeelte van plaaspad 246 wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1427 aangetoon word, gesluit moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die aansoek betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Karasburg, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde aansoek word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Voorsitter van Padrade, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1427) on the common boundary of the farms Remainder of Heiragabis 60 and Nabas 61 generally northwards across the last-mentioned farm and more and more north-eastwards across the last-mentioned farm to a point (B on sketch-map P1427) on district road 251 on the last-mentioned farm.

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1427) op die gemeenskaplike grens van die plase Restant van Heiragabis 60 en Nabas 61 algemeen noordwaarts oor laasgenoemde plaas en al meer noordooswaarts oor laasgenoemde plaas tot op 'n punt (B op sketskaart P1427) op distrikspad 251 op laasgenoemde plaas.

DEPARTMENT OF TRANSPORT

No. AG. 25 1989

PROPOSAL THAT A ROAD BE DECLARED A PROCLAIMED DISTRICT ROAD: DISTRICT OF KAVANGO

In terms of section 20(1) of the Roads Ordinance, 1972 (Ordinance 17 of 1972), it is hereby made known that the Secretary for Transport proposes that, in the district of Kavango Area 1, the road described in the Schedule and shown on sketch-map P1424 by the symbols A-B, be declared a district road (number 3426).

A copy of this notice and the said sketch-map, being a sketch-map of the area concerned on which the road to which the proposal refers and other proclaimed, minor and private roads in that area are shown, shall for the full period of thirty days mentioned below lie open to inspection at the offices of the Secretary for Transport, Windhoek, and the Roads Superintendent, Rundu, during normal office hours.

Every person having any objection to the above-mentioned proposal is hereby commanded to lodge his objection in writing, with the grounds upon which it is based clearly and specifically therein stated, with the Secretary for Transport, Private Bag 12005, Ausspannplatz, 9000, within a period of thirty days from the date of publication of this notice.

The road referred to in this notice runs across, and is entirely situated on the communal land of

DEPARTEMENT VAN VERVOER

No. AG. 25 1989

VOORSTEL DAT 'N PAD TOT GEPROKLAMEERDE DISTRIKSPAD VERKLAAR MOET WORD: DISTRIK KAVANGO

Ingevolge artikel 20(1) van die Ordonnansie op Paaie, 1972 (Ordonnansie 17 van 1972), word hierby bekend gemaak dat die Sekretaris van Vervoer voorstel dat, in die distrik Kavango Gebied 1, die pad wat in die Bylae beskryf en deur die simbole A-B op sketskaart P1424 aangetoon word, tot geproklameerde distrikspad (nommer 3426) verklaar moet word.

'n Afskrif van hierdie kennisgewing en genoemde sketskaart, synde 'n sketskaart van die betrokke streek waarop die pad waarop die voorstel betrekking het en ander geproklameerde, ondergeskikte en privaatpaaie in daardie streek aangetoon word, sal vir die volle tydperk van dertig dae hieronder vermeld gedurende gewone kantoorure by die kantore van die Sekretaris van Vervoer, Windhoek, en die Paaiesuperintendent, Rundu, ter insae beskikbaar wees.

Iedereen wat enige beswaar het teen bogemelde voorstel word hiermee aangesê om sy beswaar, met die gronde waarop dit gebaseer is duidelik en in besonderhede daarin uiteengesit, skriftelik binne 'n tydperk van dertig dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing by die Sekretaris van Vervoer, Privaatsak 12005, Ausspannplatz, 9000, in te dien.

Die in hierdie kennisgewing bedoelde pad loop oor, en is in geheel geleë op, die gemeenskaplike

the Kavangos referred to in section 32 of the Representative Authority of the Kavangos Proclamation, 1980 (Proclamation AG. 26 of 1980).

SCHEDULE

From a point (A on sketch-map P1424) on district road 3402 generally north-north-eastwards to a point (B on sketch-map P1424) at the place known as Mayana.

DEPARTMENT OF POLICE

No. AG. 26 1989

AMENDMENT OF REGULATIONS MADE UNDER THE POLICE ACT, 1958 (ACT 7 OF 1958)

The Administrator-General has under section 33 of the Police Act, 1958 (Act 7 of 1958), further amended the regulations promulgated under Government Notice R.203 of 1964 as set out in the Schedule.

SCHEDULE

Regulation 15 is hereby amended by the substitution in subregulation (1) for paragraph (e) of the following paragraph:

"(e) on account of voluntary resignation, if he is a member below the rank of officer who has served for a continuous period of at least three years and has given at least three calender months prior notice in writing to the Commissioner of his intention to resign: Provided that, subject to the provisions of regulation 11(1)(b)(iv) a member, other than an officer, who has not served for a continuous period of at least three years shall not be entitled to resign from the Force by giving notice in writing: Provided further that, subject to the provisions of subregulation (3) and with due regard to the provisions of subregulation (2), any member, other than an officer, may, after written notice of at

grond van die Kavango's bedoel in artikel 32 van die Proklamasie op die Verteenwoordigende Owerheid van die Kavango's, 1980 (Proklamasie AG. 26 van 1980).

BYLAE

Van 'n punt (A op sketskaart P1424) op distrikspad 3402 algemeen noordnoordooswaarts tot op 'n punt (B op sketskaart P1424) by die plek bekend as Mayana.

DEPARTEMENT VAN POLISIE

No. AG. 26 1989

WYSIGING VAN REGULASIES UITGEVAARDIG KRAGTENS DIE POLISIEWET, 1958 (WET 7 VAN 1958)

Die Administrateur-generaal het kragtens artikel 33 van die Polisiewet, 1958 (Wet 7 van 1958), die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R.203 van 1964 verder gewysig soos in die Bylae uiteengesit.

BYLAE

Regulasie 15 word hierby gewysig deur in subregulasie (1) paragraaf (e) deur die volgende paragraaf te vervang:

"(e) weens vrywillige bedanking, indien hy 'n lid benede offisiersrang is wat vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens drie jaar gedien het en minstens drie kalendermaande vooraf skriftelik kennis van sy voorneme om te bedank aan die Kommissaris gegee het: Met dien verstande dat, behoudens die bepalings van regulasie 11(1)(b)(iv) 'n lid, uitgesonderd 'n offisier, wat nie vir 'n aaneenlopende tydperk van minstens drie jaar gedien het nie, nie daarop geregtig is om by wyse van skriftelike kennisgewing uit die Mag te bedank nie: Met dien verstande voorts dat behoudens die bepalings van subregulasie (3) en met behoorlike inagneming van subregulasie (2) enige lid, uitgesonderd 'n offisier, na

least 30 days or such shorter period as the Commissioner may direct and with the approval of the Commissioner, purchase his discharge at an amount prescribed by the Treasury from time to time;".

skriftelike kennisgewing van ten minste 30 dae of sodanige korter tydperk as wat die Kommissaris mag gelas en met die goedkeuring van die Kommissaris, hom kan uitkoop teen 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Tesourie voorgeskryf;".

General Notices

Algemene Kennisgewings

MUNICIPALITY OF KEETMANSHOOP

No. 59 1989

NOTICE

Notice is hereby given in terms of Section 171(1) of the Municipal Ordinance No 13 of 1963 as amended to the following registered owners that the undermentioned properties will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within three (3) months from the date of the last publication hereof.

Registered Owners	Erf No	Area Square Meter
LJ Bock	72 (Krönlein)	600
FZ Feris	126 (Krönlein)	607

P.J. BOONZAAIER
TOWN CLERK

MUNISIPALITEIT VAN KEETMANSHOOP

No. 59 1989

KENNISGEWING

Kennis geskied hiermee kragtens Artikel 171(1) van die Munisipale Ordonnansie Nr 13 van 1963, soos gewysig, aan die ondergenoemde persone wat die geregistreerde eienaars van die onderstaande erwe is, dat die erwe verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u sou nalaat om dit te betaal binne drie (3) maande vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

Geregistreerde Eienaar	Erf Nr	Grootte Vierkante meter
LJ Bock	72 (Krönlein)	600
FZ Feris	126 (Krönlein)	607

P J BOONZAAIER
STADSKLERK

No. 60 1989

ESTABLISHMENT OF THE TOWNSHIP DORADO PARK (EXTENSION 1)

Notice is hereby given in terms of subsection (5) of section 5 of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963) that application has been made for the establishment of the township Dorado Park (Extension 1) on Portion 225 of Windhoek Town and Townlands no. 31 situated in the district of Windhoek and that the application is lying open to inspection at the offices of the Director: Local Government and Development Planning in Windhoek, the Surveyor-General in Windhoek and the Town Clerk, Municipality, Windhoek.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who desires to be heard in the matter, may give personal evidence before the Townships Board at the meeting of the board which will be held on 23 May 1989 at 10h30 in Room W232, Tintenpalast, Windhoek, or submit written evidence to the Townships Board, Private Bag 13289, Windhoek: Provided that such written evidence shall reach the Secretary of the Townships Board not later than 16 May 1989.

G. REUTER
CHAIRMAN: TOWNSHIPS BOARD

No. 60 1989

DORPSTIGTING VAN DIE DORP DORADO PARK (UITBREIDING 1)

Kennis geskied hierby kragtens subartikel (5) van artikel 5 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek gedoen is om die stigting van die dorp Dorado Park (Uitbreiding 1) op Gedeelte 225 van Windhoek Dorp en Dorpsgronde nr. 31 geleë in die distrik van Windhoek en dat die aansoek ter insae lê by die kantore van die Direkteur: Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning Windhoek, die Landmeter-generaal in Windhoek en die Stadsklerk, Munisipaliteit, Windhoek.

Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat 'n verklaring in verband met die saak wil aflê, kan persoonlik voor die Dorperaad getuig by die vergadering van die Dorperaad wat gehou sal word op 23 Mei 1989 om 10h30 in Kamer W232, Tintenpalast, Windhoek, of hy/sy kan skriftelik getuienis by die Dorperaad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien: Met dien verstande dat die sodanige getuienis die Sekretaris van die Dorperaad nie later nie as 16 Mei 1989 moet bereik.

G. REUTER
VOORSITTER: DORPERAAD

No. 61 1989

ESTABLISHMENT OF THE TOWNSHIP KLEIN WINDHOEK (EXTENSION 5)

Notice is hereby given in terms of subsection (5) of section 5 of the Townships and Division of Land Ordinance 1963 (Ordinance 11 of 1963) that application has been made for the establishment of the township Klein Windhoek (Extension 5) on Portion 77 of Portion B of Klein Windhoek Town and Townlands no. 70 and that the application is lying open to inspection at the offices of the Director: Local Government and Development Planning in Windhoek, the Surveyor-General in Windhoek and the Town Clerk, Municipality, Windhoek.

No. 61 1989

DORPSTIGTING VAN DIE DORP KLEIN WINDHOEK (UITBREIDING 5)

Kennis geskied hierby kragtens subartikel (5) van artikel 5 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling, 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) dat aansoek gedoen is om die stigting van die dorp Klein Windhoek (Uitbreiding 5) op Gedeelte 77 van Gedeelte B van Klein Windhoek Dorp en Dorpsgronde nr. 70 en dat die aansoek ter insae lê by die kantore van die Direkteur: Plaaslike Owerhede en Ontwikkelingsbeplanning Windhoek, die Landmeter-generaal in Windhoek en die Stadsklerk, Munisipaliteit, Windhoek.

Any person who wishes to object to the granting of the application or who desires to be heard in the matter, may give personal evidence before the Townships Board at the meeting of the board which will be held on 23 May 1989 at 10h30 in Room W232, Tintenpalast, Windhoek, or submit written evidence to the Townships Board, Private Bag 13289, Windhoek: Provided that such written evidence shall reach the Secretary of the Townships Board not later than 16 May 1989.

G. REUTER
CHAIRMAN: TOWNSHIPS BOARD

Elkeen wat beswaar het teen die toestaan van die aansoek of wat 'n verklaring in verband met die saak wil aflê, kan persoonlik voor die Dorperaad getuig by die vergadering van die Dorperaad wat gehou sal word op 23 Mei 1989 om 10h30 in Kamer W232, Tintenpalast, Windhoek, of hy/sy kan skriftelik getuienis by die Dorperaad, Privaatsak 13289, Windhoek, indien: Met dien verstande dat die sodanige getuienis die Sekretaris van die Dorperaad nie later nie as 16 Mei 1989 moet bereik.

G. REUTER
VOORSITTER: DORPERAAD

MUNICIPALITY OF GROOTFONTEIN

No. 62 1989

RATES AND TAXES OUTSTANDING FIVE YEARS AND LONGER:

Notice is hereby given to the registered owners or their successors in title that the undermentioned properties in Grootfontein Town, in terms of the Municipal Ordinance 13 of 1963, Article 171(1) to (8), will be sold to recover arrear rates and interest should it not be paid within THREE MONTHS from the date of the last publication hereof.

GROOTFONTEIN

Registered owner	Erf No.
Mr J G Madden	448
Mr P J Hockey	33, Luipersheuwel

GROOTFONTEIN MUNISIPALITEIT

No. 62 1989

EIENDOMSBELASTING UITSTAANDE VYF JAAR EN LANGER:

Kennis geskied hiermee aan die ondergemelde geregistreerde erfeienaars of hul opvolgers in titel, dat die ondergenoemde erwe, geleë in Grootfontein Dorp, kragtens die Munisipale Ordonnansie 13 van 1963 Artikel 171(1) tot (8) verkoop sal word ter verhaling van agterstallige eiendomsbelasting en rente indien u nalaat om dit te betaal binne DRIE MAANDE vanaf datum van laaste publikasie hiervan.

Geregistreerde Eienaar	Erf Nr
Mnr J G Madden	448
Mnr P J Hockey	33, Luiperdheuwel

Printed by
JOHN MEINERT (PTY) LTD.
Obtainable from
STAR BINDERS & PRINTERS
P.O. Box 56, Windhoek
South West Africa

Gedruk deur
JOHN MEINERT (EDMS) BPK.
Verkrygbaar by
STAR BINDERS & PRINTERS
Posbus 56, Windhoek
Suidwes-Afrika